

HOOFSTUK 5

BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 ALGEMENE INLEIDING

Waar wydverspreide onrus in swart woongebiede tans in Suid-Afrika 'n kommerwekkende verskynsel is, is navorsing wat na moontlike faktore soek wat vir hierdie ongunstige situasie verantwoordelik is, van belang vir elke inwoner van hierdie land.

Waar hierdie navorsing fundamenteel-opvoedkundig van aard is, word die toereikendheid al dan nie van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in swart gesinne as één van die faktore wat bepalend is vir die mate van stabiliteit en vooruitgang in 'n gemeenskap (Anon, 1986:4 ; Pretorius, 1988:35) van naderby ondersoek. Gesonde verhoudinge tussen ouer en kind vorm die basis van selfstandige en gebalanseerde optrede in 'n komplekse samelewing (vergelyk paragraaf 1.2).

Ten einde die toereikendheid al dan nie van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in die swart dorp Ikageng te ondersoek, was dit nodig om eerstens 'n literatuurstudie te onderneem om daardeur 'n raamwerk te bied wat as toetssteen (Bylae A) van ideale en harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge kon dien (navorsingsdoelstelling 1.6.1) (vergelyk hoofstuk 2).

Dit is belangrik om by enige studie van die hedendaagse swartmens van Suid-Afrika rekening te hou met die invloed van die Christendom, Westerse kultuur en die proses van verstedeliking op die lewenspatroon van hierdie mense (navorsingsdoelstelling 1.6.2) (vergelyk hoofstuk 3). Eers as die tradisionele swarte in diepte geken is, kan met simpatie en begrip besin word oor die toereikendheid van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in hedendaagse swart gesinne.

'n Empiriese ondersoek is na afloop van die literatuurstudie van

hoofstukke 2 en 3 uitgevoer met die doel om vas te stel in watter mate die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde swart (kern)gesinne aan die eise van toereikendheid voldoen (navorsingsdoelstelling 1.6.3 ; Bylae A).

Indien gebrekkige opvoedingsverhoudinge in swart gesinne geïdentifiseer word, kan dit deur verantwoordbare opvoeding reggestel word. Gesonde opvoedingsverhoudinge wat geïdentifiseer word, kan dien as basis en verwysingsraamwerk vir die opstel van verrykingskursusse waardeur hulp aan swart ouers in opvoedingsnood gebied kan word. Daar wil dus uiteindelik met hierdie navorsing aangetoon word hoe gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge moontlik riglyne kan bied vir die herstel van gebrekkige gesinsverhoudinge en verbroekkeling in die gemeenskapslewe, veral met die oog op toekomstige vrede en stabiliteit in Suid-Afrika (navorsingsdoelstelling 1.6.4) (vergelyk paragraaf 5.2.3).

5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

5.2.1 Inleiding

Op grond van die gegewens soos verkry uit die literatuuronderzoek van hoofstukke 2 en 3, is 'n toetsmodel van teoreties-ideale ouer-kind-opvoedingsverhoudinge opgestel (Bylae A). Met behulp van 'n geskikte meetinstrument (paragraaf 4.3.1.4.7) kon die doel van die empiriese ondersoek bereik word - naamlik om vas te stel in watter mate die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge van geïdentifiseerde (kern)gesinne in die swart dorp Ikageng aan die eienskappe van harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge voldoen.

Die resultate van die empiriese ondersoek is reeds geïnterpreteer (paragraaf 4.4), waaruit sekere belangrike gevolgtrekkings vervolgens gemaak kan word.

Die bevindinge en gevolgtrekkings word in dieselfde volgorde

aangebied as waarin die data geïnterpreteer is (vergelyk paragrawe 4.4.2 tot 4.4.6).

5.2.2 Bevindinge en gevolgtrekkings gegrond op die empiriese ondersoek

5.2.2.1 Biografiese gegewens

Die tipiese ouer in hierdie ondersoek kom uit volledige en gevestigde huisgesinne. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar in hierdie gesinne waarskynlik 'n gunstige opvoedingsklimaat vir die kinders geskep word (vrae A1 en A2).

Hoewel die kerngesin in hierdie ondersoek die sterkste verteenwoordig is (44%), is die voorkoms van 16% gebroke gesinne 'n aanduiding dat daar wel gesinne bestaan wat afwyk van die normale gesinstruktuur, naamlik die van één man, één vrou en kind(ers) (vraag A3). Die afwesigheid van normale gesinstrukture werk dikwels opvoedingsbelemmerend in op lede van gebroke gesinne. Die noodsaaklikheid vir 'n volledige ondersoek na die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge binne **gebroke gesinne**, tree duidelik na vore (vergelyk paragraaf 5.3).

Al die ouers in die ondersoek het kinders in die gesin (vraag A4). Waar daar tussen een en drie kinders in die meerderheid van die gesinne voorkom (vraag A4.2 en A5), kan die gevolgtrekking gemaak word dat die meerderheid van die swart ouers in hierdie ondersoek deur die proses van verstedeliking en industrialisasie al in só 'n mate beïnvloed is dat die verwantskapsisteem as basis vir samelewingsordening verval het en dat die kerngesin meer aanvaarbaar vir hierdie mense geword het (vergelyk paragrawe 3.5.3.2.2 en 3.5.3.2.4).

Ook ten opsigte van die (relatief gunstige) uitleg en luuksheid van die huise waarin die meerderheid van die respondente woon, kan die teken van industrialisasie en verwestering waargeneem word (vrae A6 tot A8). Waar die ouer-kind-opvoedingsverhouding

in baie gevalle daaronder ly as ouers finansieel swaarkry (vergelyk paragraaf 2.5.5.3.7), kan die gevolgtrekking gemaak word dat die meerderheid van die gesinne in hierdie ondersoek op 'n gemiddelde sosio-ekonomiese vlak verkeer en dat die verhoudinge tussen ouer en kind nie noodwendig benadeel word deur geldelike probleme nie.

Deurdat sommige van die respondente ongemaklik gevoel het by die beantwoording van die vraag rondom die dra van tradisionele kleredrag (vraag A9), kan die gevolgtrekking gemaak word dat die hedendaagse verstedelike swartmens in sommige gevalle aan 'n identiteitskrisis ly en onseker is waar hul eie kultuur inpas by die vir hulle, kultuurvreemde Westerse samelewing.

Waar die Tswanamense gekenmerk word as 'n vredeliewende en rustige nasie (Swanepoel, 1992), kan die feit dat meer as helfte van die respondente lede van die Tswanabevolking is (vraag A10), in verband gebring word met die groot persentasie kinders in Ikageng (80%), wat nog nooit by enige vorm van wangedrag betrokke was nie (vergelyk vraag C3). Verder keur 93% van die ouers opstand en wangedrag onder die jeug af (vraag C2), wat ook aansluiting vind by die vredeliewende aard van die Tswananasie. Dit wil dus voorkom asof daar oor die algemeen stabiliteit en vrede tussen inwoners van die dorp Ikageng heers en dat kinders nie aan allerlei vorme van wangedrag skuldig is nie (vergelyk paragraaf 3.5.4.4). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die meerderheid van die ouers in Ikageng hulle kinders die voordeel van harmoniese opvoedingsverhoudinge binne gesinsverband bied en dat die stabiliteit in die gemeenskapslewe van Ikageng direk verband hou met die gesonde verhoudinge wat daar oor die algemeen tussen gesinslede in hierdie dorp heers (vergelyk paragrawe 1.3, 1.4, 2.1, 2.2.1.4.4, 2.2.1.4.6, 2.2.2.3, 2.4, 2.5.9, 3.5.2.1, 3.5.2.2.5 en 3.5.4.1).

Hoewel die gesinstruktuur van die meerderheid van die respondente in hierdie ondersoek onder invloed van verstedeliking en gepaardgaande verwestering verskuif het van die tradisionele

uitgebreide gesinstipe na die kerngesinstruktuur (vergelyk vraag A3), wil dit voorkom asof hierdie gesinne nie hulle stabiliteit verloor het soos wat in sommige gevalle met swart gesinne in die stad gebeur nie (vergelyk paragraaf 3.5.3.2.4). Dit lyk dus asof die meerderheid van die gesinne wat in die ondersoek betrek is, die toets van toereikendheid ten opsigte van gesinstabiliteit slaag - ten spyte van aanpassings (ook in die gesinslewe) wat met die proses van verstedeliking gepaard gaan.

Wat die geletterdheidsvlak en beroepsgroep van die vaders en moeders wat in die steekproef betrek is betref, is bevind dat die grootste getal van die ouers op 'n lae vlak van ontwikkeling verkeer (vrae A11.1, A11.2, A13.1 en A13.2). Dit wil dus voorkom asof daar 'n behoefte bestaan aan onderwys- en opleidingsgeleenthede vir 'n groot persentasie swart ouers wat in dié ondersoek ondervra is (vergelyk paragraaf 5.3).

Ten spyte van die relatief lae ontwikkelingsvlak van die grootste persentasie van die ouers in dié ondersoek, is 'n lae persentasie van die ouers (9%) werkloos (vraag A14); 'n situasie waaruit die gevolgtrekking gemaak kan word dat die meerderheid van die ouers in die ondersoek daarin behoort te slaag om 'n gunstige opvoedingsklimaat vir hulle kinders te skep. Die gesinne waar die ouers sonder werk is, ondervind waarskynlik probleme om 'n stabiele gesinsmilieu te skep aangesien werkloosheid gewoonlik met spanning en frustrasie gepaard gaan - 'n situasie wat waarskynlik ook in die gesinsverhoudinge gereflekteer word. Sulke gesinne benodig dringend hulp, nie net wat werkseleentheid vir die ouers betref nie, maar waarskynlik ook ten opsigte van die harmoniese funksionering van die verhoudinge tussen ouer en kind (vergelyk paragraaf 5.2.3).

5.2.2.2 Opvoedingsverhoudinge en -kommunikasie

Op grond van die resultate van vrae B1 en B2 kan die gevolgtrekking gemaak word dat die verhoudinge tussen één man en één vrou en tussen kinders onderling, oor die algemeen die toets

van toereikendheid slaag (Bylae A). Die verhoudinge tussen man en vrou binne die onderskeie huwelike uit die steekproef lyk oor die algemeen liefdevol en die gelykwaardigheid van elke party word gerespekteer.

Wat die rol en funksie van man en vrou in die verstedelike opset betref, lyk dit asof die swartmense in Ikageng wat in die ondersoek betrek is, oor die algemeen deur die proses van verstedeliking en gepaardgaande verwestering in só 'n mate beïnvloed is, dat man en vrou as unieke individue hul verantwoordelikhede met mekaar deel (vrae B3.1 en B3.2)(vergelyk paragrawe 3.4.4.9 en 3.5.3.2.7). Die vrou word dus nie meer soos in die tradisionele opset as die man se mindere beskou nie.

Die data rondom die versorging van kinders in die afwesigheid van werkende ouers, het die behoefte aan naskoolse versorging - veral in swart dorpe - opnuut beklemtoon (vraag B4)(vergelyk paragraaf 3.5.4.6). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat voldoende gesinsondersteuning waarskynlik nie in die gesinne bestaan waar die ouers lang ure van die huis afwesig is as gevolg van beroepsarbeid nie. Daarteenoor kan die afleiding gemaak word dat daar waarskynlik harmonie bestaan tussen gesinslede waar die moeder self teenwoordig is om die kinders te versorg.

Volgens Angenent (1976:44-47) kan die opvoedingsverhouding tussen ouer en kind as "warm" of "koud" beskryf word; waardeur die emosionele afstand tussen ouer en kind aangedui word. Waar die verhouding tussen ouer en kind deur warmte gekenmerk word, is dit maklik om 'n harmoniese ouer-kind-vertrouensverhouding te skep (vergelyk paragraaf 2.7.2.3). Daarteenoor word 'n koue verhouding gekenmerk deur onverskilligheid, opvoedkundige verwaarlosing en selfs vyandigheid.

Waar 35% van die ouers in hierdie ondersoek net soms of selfs nooit liefde aan hulle kinders betoon deur fisiese kontak nie (vraag B5), kan die gevolgtrekking gemaak word dat 'n kerngesonde en intieme band tussen hierdie ouers en hulle kinders waarskynlik

nie bestaan nie. 'n Verdere afleiding wat uit die data van vraag B5 gemaak kan word, is dat die ouers wat nie op 'n fisiese wyse liefde aan hulle kinders betoon nie, waarskynlik nog in 'n groot mate onder tradisionele invloed is. As gevolg van die kommunale ingesteldheid van die tradisionele swartmense, is die verhoudinge tussen ouer en kind nie baie intiem nie (vergelyk paragraaf 3.4.5.6).

Die 65% ouers wat gereeld liefde aan hulle kinders betoon deur fisiese kontak, bevestig die bevindinge wat uit die literatuuronderzoek na vore getree het, naamlik dat die streng patriargale stelsel van die tradisionele vader besig is om te vervaag by die meer verwesterde vader (vergelyk paragraaf 3.5.2.3.7).

Waar 84% van die ouers aangedui het dat hulle ten volle of gedeeltelik daarvan bewus is dat hulle kinders sekere talente het (vraag B6.1) en 95% van die ouers belangstel in hulle kinders se daaglikse aktiwiteite (vraag B6.2), kan die gevolgtrekking gemaak word dat begrypingsverhouding tussen ouer en kind in dié ondersoek die toets van toereikendheid slaag (vergelyk Bylae A).

Waar die mate van vertroue tussen ouer en kind die diepte van gesprekvoering tussen ouer en kind beïnvloed, kan 'n verdere gevolgtrekking gemaak word, naamlik dat die 42% ouers wat voel hulle ken nie hulle kinders se diepste behoeftes nie (vraag B6.3), waarskynlik ook die ouers is wat nie gereeld aan hulle kinders fisies liefde betoon nie (vergelyk vraag B5).

Hoewel 'n groot persentasie van die moeders (64%) meer as 30 minute per dag aan elke kind bestee (vraag B7.1) en daar dus na alle waarskynlikheid 'n harmoniese begrypingsverhouding tussen moeder en kind bestaan, kan die afleiding egter uit die resultate van vraag B7.2 gemaak word dat die begrypingsverhouding tussen vader en kind - veral in kerngesinne - nie aan al die vereistes van toereikendheid voldoen nie (vergelyk Bylae A). Vaders wat om verskeie redes, onder andere as gevolg van die eise van 'n

professionele beroep, min tyd aan hulle kinders bestee, sal waarskynlik baat vind by opvoedingsverrykingskursusse, waar aandag bestee word aan metodes om steeds deur te dring tot 'n kind se diepste wese, al is tyd 'n belemmerende faktor (paragraaf 5.2.3).

Die ekonomiese kwesbaarheid van die kerngesin (vergelyk paragraaf 3.3.3.4) word in gevalle waar een of beide van die ouers vanweë lang werksure min tyd aan die kinders bestee, beklemtoon. Die kind se behoefte om met sy ouers te kommunikeer word dikwels onder sulke omstandighede nie bevredig nie, wat op sy beurt tot spanning en frustrasie by die kind kan lei.

Die resultaat van vraag B8 sluit aan by die gevolgtrekkings wat in die voorafgaande paragraaf gemaak is. As ouer en kind te min tyd saam deurbring, word die kans dat die ouer-kind-opvoedingsverhouding met verloop van tyd intiemer raak, verskraal.

Wat kommunikasie tussen ouers en kinders betref, kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar oor die algemeen oop kanale tussen gesinslede wat in die steekproef betrek is, bestaan (vrae B9.1 en B9.2). Daar is wel 'n klein persentasie ouers (veral vaders) wat waarskynlik baat sal vind by opvoedingshulp waardeur kommunikasievaardighede aangeleer word (paragraaf 5.2.3).

Waar 'n gesonde gesagsverhouding as een van die primêre voorwaardes van ware opvoeding en as een van die mees basiese verhoudinge waarin mens tot mens staan, beskou word (paragraaf 2.7.2.4), is dit belangrik dat elke ouer hierdie verhouding in verantwoordelikheid laat funksioneer.

Dit lyk asof die ouers wat in die steekproef betrek is oor die algemeen daarin slaag om 'n rustige en konstruktiewe leefruimte in die gesin te skep, waardeur veiligheid aan die kinders gebied word, te midde van 'n samelewing vol geweld en dood (vergelyk data-ontleding van vrae B10 tot B14). Die meerderheid respondente

streef daarna om hulle kinders deur liefdevolle gesagsbegeleiding tot selfstandigheid en verantwoordelikheid te lei. Dit lyk dus asof hierdie ouers die betekenis van ware en gebalanseerde gesagshandhawing ken en dit as 'n belangrike opvoedingsdoelstelling nastreef (paragraaf 2.5.5.3.11). Die groot persentasie gesonde gesagsverhoudinge is waarskynlik een van die verklarings vir die groot getal kinders (80%), wat nog nooit by enige vorm van opstand en wangedrag betrokke was nie (vraag C3).

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die meeste van die swart ouers wat in dié navorsing ondervra is, nie 'n gesagskrisis in die gesinslewe beleef soos wat uit die literatuurstudie geblyk het wél die geval is met sommige van die hedendaagse swart gesinne in die stede nie (vergelyk paragraaf 3.5.2.3.8). Dit lyk dus asof daar oor die algemeen harmonie bestaan tussen ouer en kind in die dorp Ikageng - 'n situasie wat duidelik gereflekteer word in stabiele gemeenskapsverhoudinge (vrae C2 en C3). Deurdat daar wel al geringe voorvalle van onrus in Ikageng voorgekom het, ten spyte van stabiele verhoudinge tussen ouers en kinders, kan die afleiding gemaak word dat sulke gevalle waarskynlik polities georiënteerd is - 'n onderwerp wat buite die terrein van dié navorsing val.

In Ikageng word die vermoede dus bevestig dat gesonde gesinsverhoudinge weerspieël word in vrede en stabiliteit in die gemeenskapslewe (vergelyk gevolgtrekkings in paragraaf 5.2.2.1).

Kinders in dié navorsing sien oor die algemeen nie neer op hulle ouers as gevolg van laasgenoemde se swak geletterdheid nie (vraag B15). Waar die kulturele gaping tussen swart ouers wat nog in sommige opsigte tradisioneel dink en hulle kinders wat in die skole met Westerse idees in aanraking kom, dikwels in hedendaagse gesinne 'n oorsaak tot spanning en verwydering tussen ouer en kind is (vergelyk paragrawe 3.5.2.3.7 en 3.5.4.2), kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gesinne in dié navorsing die verskille in geletterdheid tussen ouers en kinders suksesvol akkommodeer. Hierdie positiewe situasie word duidelik gereflekteer in die gesonde gesagsverhoudinge wat oor die

algemeen tussen ouers en kinders in dié ondersoek heers (vergelyk ontleding van vrae B10 tot B13). Dit lyk dus asof die senioriteitsbeginsel oor die algemeen nie onder die swartmense van Ikageng verval het nie.

Waar sedelike volwassenheid 'n belangrike (ouerlike) opvoedingsdoelstelling is, aangesien die kind daardeur gebring word tot 'n religieus begronde waardesisteem (paragraaf 2.5.5.4.2), is dit verblydend dat die meerderheid van die ouers in dié ondersoek hulle kinders aanspreek sodra minder en meer ernstige oortredings begaan word (vrae B11 en B12). Ook die 87% ouers wat hulle kinders prys wanneer laasgenoemde reg gehandel het, kom hulle verantwoordelikheid as verbondsouers na, naamlik om te sorg vir die gesonde sedelike vorming van hulle verbondskinders (vergelyk paragraaf 2.5.5.4.2).

In die lig van bogenoemde bespreking kan die gevolgtrekking gemaak word dat die situasie rondom ouer-kind-opvoedingsverhoudinge - ten spyte van aanpassings wat in die stedelike omgewing gemaak moes word - in vele opsigte stabiel gebly het. Die wankelrige ouer-kind-opvoedingsverhoudinge wat volgens die literatuurstudie in baie van die hedendaagse swart stedelike gesinne bestaan (vergelyk paragraaf 3.5.2.3.7), tree dus oor die algemeen in Ikageng nie so pertinent na vore nie.

5.2.2.3 Enkele opvoedingspraktyke

Waar hierdie navorsing vanuit 'n Christelike oogpunt geskied, is dit 'n verblydende resultaat dat 80% van die respondente die Bybel as riglyn in die opvoedingstaak gebruik (vraag C1). Waar 56% respondente soms of selfs nooit huisgodsdienste hou nie, kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar sekere faktore bestaan wat hierdie gesinne belemmer in die praktiese uitlewing van hulle geloof. Na aanleiding van die resultate van vrae B7.1 en B7.2, asook vraag B17, lyk dit asof die gejaagde lewe van die stad, waar beide ouers dikwels genoodsaak is om 'n beroep te beoefen, 'n moontlike oorsaak vir hierdie situasie is.

Die stadium wanneer 'n kind volwassenheid bereik het, is 'n saak wat volgens die response van vraag C4 oor die algemeen nie met die norm van hierdie navorsing ooreenstem nie, naamlik dat volwassenheid bereik is sodra 'n kind selfstandig besluite kan neem (Bylae A). Dit kan wees dat sommige van die ouers in hierdie opsig nog in 'n groot mate onder tradisionele invloed is; 'n situasie wat in beginsel nie verkeerd is nie, maar wat aanpassing nodig het sodra die swartmense in die hedendaagse verstedelike opset self daardeur benadeel word.

Waar 'n oorweldigende persentasie ouers (99%) die noodsaaklikheid van ouerlike opvoeding insien (vraag C5) kan die afleiding gemaak word dat hierdie ouers waarskynlik daarin slaag om stabiele verhoudinge in die gesinslewe en ook uiteindelik in die breë gemeenskap te bevorder (vergelyk paragraaf 1.2).

5.2.2.4 Religieuse gebruike

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die 43% gesinne waar huisgodsdiensover moontlik elke dag gehou word (vraag D1), daarin slaag om aan die kinders die sinvolheid van die mens se aardse bestaan oor te dra. Die verhoudinge tussen die ouers en kinders in sulke gesinne sal dan waarskynlik die toets van toereikendheid deurstaan (Bylae A). Die Christelike geloof lei die mens tot 'n lewe in diens van God en só 'n lewe bring vrede en stabiliteit in 'n gemeenskap - 'n situasie wat dan ook in Ikageng grootliks bevestig word (vergelyk vrae C2 en C3).

Waar die idee van "lewenskrag" vir 'n beduidende persentasie (37%) van die ouers belangrik is (vraag D2), lyk dit asof die stelling van Mbiti (1969:xi), naamlik dat die invloed van verwestering op die swartmense in sommige gevalle net oppervlakkig is en nie altyd weerspieël word in die lewens- en wêreldbeskouing van hierdie mense nie, in dié navorsing bevestig word (vergelyk ontleding van vraag A9).

Die feit dat die meerderheid van die respondente in hierdie

ondersoek "Modimo" as die God van die Bybel erken (vraag D3), dui daarop dat hierdie mense wel Christene is, maar die oorspronklike, tradisionele benaming vir hulle opperwese net so oorgeneem het en die naam nou gebruik wanneer hulle die ware God van die Bybel aanroep.

5.2.2.5 Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys

Hoewel daar 'n duidelike verskil in geletterdheidsvlak tussen ouer en kind in dié ondersoek bestaan (vergelyk vraag B15), lyk dit asof die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge oor die algemeen nie daardeur benadeel word nie. Deurdat daar egter 'n diskongruensie tussen sodanige ouerhuise en die Westers georiënteerde skool bestaan, kan die gevolgtrekking gemaak word dat heelwat van die ouers waarskynlik maar net aanvaar dat wat die skool doen reg is en dat hulle nie self betrokke is by die opvoedende onderwys van hulle kinders nie. Hierdie gevolgtrekking word bevestig deurdat 64% van die ouers net soms of selfs nooit kontak met die hoof en/of onderwysers het nie (vraag E1).

Die noue verwantskap en samewerking wat daar tussen die ouerhuis as primêre en die skool as sekondêre samelewingsverband behoort te bestaan, word dus deur die verskil in geletterdheidsvlak tussen ouer en kind benadeel. Ouer en onderwyser moet saamwerk om die kind - te midde van kulturele verwarring - 'n eie identiteit te laat ontwikkel sodat hy met selfvertroue 'n staanplek in die samelewing kan verwerf. Om dít reg te kry, moet die ouers sêlf ook onderrig en opleiding ondergaan om daardeur op dieselfde ontwikkelingsvlak as hulle kinders te kom (paragraaf 5.3).

Die resultate van vrae E3 en E4 dui daarop dat die meerderheid ouers (86%) wel die behoefte het om betrokke te wees by die opvoedende onderwys van hulle kinders, maar wanneer dit by die uitvoering daarvan in praktyk kom, is daar maar 32% ouers wat gereeld kontak het met die skoolpersoneel. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die lae geletterdheidsvlak van 'n groot

persentasie van die ouers 'n moontlike rede kan wees vir die huiwerigheid by die ouers om formeel by die skool betrokke te raak (vergelyk vraag B15 en E1).

Wat sport- en kultuuraktiwiteite betref is daar 'n redelike groot persentasie (64%) ouers wat wel betrokke is. Dit lyk dus asof die ouers wel vrymoedigheid het om op 'n minder formele vlak by die skool betrokke te wees, maar sodra dit by die opvoedende onderwys van hulle kinders kom, voel die ouers waarskynlik nie opgewasse om inspraak te lewer nie. Tweerigtingkommunikasie tussen ouerhuis en skool is egter noodsaaklik vir sinvolle oorbrugging van die kulturele verdeeldheid wat dikwels tussen die swart mense se huislike en skoolse opvoedingsuitgangspunte heers. Die ouers se huiwerigheid om op 'n formele vlak by die skool betrokke te raak, bevestig die noodsaaklikheid van onderwys- en opleidingsgeleenthede vir swart ouers (paragraaf 5.3).

5.2.3 Riglyne vir ouers in opvoedingsnood

5.2.3.1 Inleiding

Op grond van die bevindinge en gevolgtrekkings wat uit die empiriese ondersoek gemaak is, lyk dit asof die situasie rondom ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in die dorp Ikageng redelik positief is. Daar is egter tog deurgaans gevalle geïdentifiseer waar die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge nie die toets van toereikendheid slaag nie.

In hierdie paragraaf word gepoog om 'n aantal aanbevelings te maak en strategieë voor te stel wat as riglyne kan dien vir dié ouers wat om verskeie redes spanning ervaar in die verhoudinge tussen ouer en kind (vergelyk paragrawe 2.7.4.1, 2.8, 3.3.3.5, 3.4.5.5, 3.5.2.3.7, 3.5.3.1, 3.5.4.2, 3.5.4.3 en 3.5.4.4).

Sodanige riglyne kan in die vorm van verrykingskursusse vir ouers in opvoedingsnood aangebied word om daardeur die disharmonie in hierdie gesinne reg te stel. Hierdie kursusse moet daarop gemik

wees om die ouers se natuurlike opvoedingsvaardighede op te skerp en 'n bewustheid van die fundamentele belangrikheid van gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge by die ouers te kweek.

Waar harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge 'n waarborg vir stabiliteit en vooruitgang in die gemeenskapslewe is (vergelyk paragraaf 1.2), kan daar geen twyfel bestaan oor die sinvolheid én noodsaaklikheid van sodanige kursusse nie, ook in belang van die hele Suid-Afrika waar onrus en disharmonie tussen mense tans 'n kommerwekkende verskynsel is.

5.2.3.2 Opvoedingsriglyne

* Verbondsouers moet die Bybel as belangrike riglyn gebruik in hulle ouerlike opvoedingstaak. Wanneer die kind se hele lewe gelei en gerig word deur die Christelike geloof, sal hy gedurende sy vormingsjare en latere lewensjare vervul wees met liefde, vreugde, kalmte, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, deernis en selfbeheersing wat deur die Gees van Christus in sy hart bewerk word.

* 'n Liefdevolle verhouding tussen één man en één vrou waar liefde tot God sentraal staan en die gelykwaardigheid en individualiteit van elke party gerespekteer word, is belangrike voorwaardes vir harmoniese verhoudinge tussen ouers en kinders en tussen kinders onderling.

* Ouers moet kinders help om as totale mens te ontwikkel; deur een of meer funksies van 'n kind te veel te beklemtoon, word die eenheid van die mens ontken. Die kind moet dus gehelp word om al sy moontlikhede te ontplooi sodat hy in 'n gebalanseerde en gelukkige volwassene kan ontwikkel. Die kind moet geleentheid gegun word om te eksperimenteer om só sy/haar talente te leer ken.

* Die verskillende behoeftes van die kind moet erken en daarin voorsien word. Dit sluit in fisiese en materiële behoeftes,

behoefte aan veiligheid, sekuriteit, geborgenheid, beskerming, liefde, aanvaarding, versorging, kommunikasie, respek, erkenning en begrip.

* Ouers moet 'n **LIEFDEVOLLE** atmosfeer tuis skep, sodat elke kind deur middel van fisiese en geestelike interaksie tot rypheid kan groei. Deur bloot by 'n kind te wees beteken nie noodwendig dat die kind die ouer se liefde **BELEEF** nie. Die klem behoort te val op saam **DOEN**.

* Kwaliteit-aandag behoort aan **ELKE** kind bestee te word, want hy wil as 'n individu belangrik voel. Om dié rede moet kinders ook nie met mekaar vergelyk word nie; elke kind het unieke karaktereienskappe en talente. Sodoende leer die ouer elke kind ken as unieke individu.

* Indien werksure dit moeilik maak om kwantitatief tyd aan elke kind te bestee, is dit baie belangrik dat die ouer moeite doen om in die aand tyd aan elke kind te bestee. Tydens só 'n sessie kan uitgevra word na die kind se dag by die skool, prestasies wat hy/sy behaal het, moontlike probleme wat hy/sy ervaar, en dies meer. Sodoende kry die kind steeds geleentheid om sy/haar emosies met die ouer te deel en voel steeds belangrik in die oë van die ouer.

* Oop en eerlike kommunikasiekanale moet reeds van kleins af geskep word. Daar behoort oor 'n verskeidenheid onderwerpe gesels te word sodat ouer en kind mekaar in diepte kan leer ken. Op dié wyse leer die kind dat sy ouer iemand is wat hy kan vertrou en met wie hy sy probleme kan bespreek. Fondamente vir gesonde ouer-kindbegrypings en -vertrouensverhoudinge word sodoende gelê. Aktiewe **LUISTER** is noodsaaklik aangesien die kind daardeur 'n positiewe selfbeeld ontwikkel; die kind voel dat hy belangrik genoeg is dat sy ouer na hom luister. Vertroue wat op hierdie wyse tussen ouer en kind ontwikkel moet met verloop van tyd verdiep, aanvanklik meer doelbewus van die ouer se kant af.

* Opregte belangstelling en aanmoediging deur ouers is een van die beste motiveermiddels vir 'n kind. Ouerbetrokkenheid by die skool laat die kind belangrik voel en dra by tot die opbou van 'n positiewe selfbeeld. Deur belangstelling in die kind leer die ouer die kind ken. Om deur te dring tot die kind se diepste wese moet die ouer homself inleef in die kind se leefwêreld. Die wese van kindwees moet begryp word en die ouer moet besef dat volwassewording 'n geleidelike proses is. Geduldige en simpatieke optrede sal die kind aanmoedig om te wil leer.

* Liefdevolle gesagshandhawing laat kinders vrywillig gehoorsaamheid betoon en nie uit dwang nie. Kinders moet geleer word dat God die absolute gesagsdraer is en dat Hy aan die ouers gesag oor hulle kinders skenk. Kinders sal dan aan hulle ouers gehoorsaam wees uit liefde vir God. Gesag mag nie outokraties en gevoelloos afgedwing word nie. Die kind behoort in warmte en liefde aanvaar te word, met al sy/haar tekortkominge. 'n Kind behoort nooit tydens gesprekke verkleineer of veroordeel te word nie. Duidelike en billike reëls moet gestel word, gekombineer met liefde en toegeneentheid. Die ouer stel dus sekere perke, maar laat die kind ook keusevryheid binne hierdie perke. 'n Kind moet doelbewus aangespreek of gestraf word indien 'n reël oortree word. Dit moet opgevolg word deur prying en aanmoediging sodra die kind weer die goeie doen. Konsekwente optrede is hier 'n belangrike vereiste, anders word verwarring geskep en begin die kind onveilig voel. Indien 'n gesonde begrypingsverhouding tussen ouer en kind bestaan, is dit maklik vir die ouer om te weet hoe opgetree moet word indien sy kind ongehoorsaam was. Verskillende kinders reageer verskillend op strafmaatreëls en dit is die ouer se verantwoordelikheid om elke kind se persoonlikheid te ken en daarvolgens te handel as hy oortree het.

5.2.3.3 Samevattende gedagtes

Daar moet beklemtoon word dat die opvoedingsprobleme wat sommige van die hedendaagse verstedelike swart ouers ondervind, nie deur 'n enkele program of kursus opgehef kan word nie. Deur

herhaaldelike kursusse en opvolgingswerk kan daar uiteindelik 'n verandering en aanpassing ten opsigte van sommige aspekte van die ouers se opvoedingsbeskouinge plaasvind.

Daar is dus geen kitsoplossing vir die ingewikkelde en aktuele probleme wat sommige van die hedendaagse verstedelike swart ouers ten opsigte van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge ervaar nie. Dit is 'n veeleisende en langtermyn-opvoedings- en -vormingstaak.

Om hierdie probleme op te los sal gedink moet word in terme van omvattende en georganiseerde programme met betrekking tot sake soos onderwys en opleiding (ook aan ongeletterde en swak geletterde ouers), beroepsleiding, gesinslewe en -verhoudinge, kindersorg en behuising.

Gesonde opvoedingsverhoudinge wat wel bestaan, kan dien as basis en verwysingsraamwerk vir die remediëring van disharmoniese gesinsverhoudinge en verbroekeling in die gemeenskapslewe. Vroegtydige vasstelling van leemtes in die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in sommige swart gesinne kan terapeuties gebruik word met die oog op toekomstige verantwoordelike ouerskap en ter bevordering van vrede en stabiliteit in die land.

5.3 AANBEVELINGS

In die lig van wat in dié navorsing bevind is, word die volgende aanbevelings gemaak:

* Ten einde die menings van ouer en kind te vergelyk, kan dieselfde meetinstrument aangewend word, maar dan in teenwoordigheid van beide ouer én kind.

* Daar behoort na gestreef te word om die vader en moeder saam te ondervra - veral wat vrae rondom die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge betref. Op dié wyse kan antwoorde beter gekontroleer word ten opsigte van objektiwiteit en eerlikheid.

* Dieselfde navorsing kan gedoen word onder ander bevolkingsgroepe wat nie van nature so vredeliewend is soos die Tswananasie nie. Op dié wyse kan die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in verskillende nasies met mekaar vergelyk word.

* Soortgelyke ondersoeke behoort ook gedoen te word in swart woongebiede waar die onrusyfer hoër is as in Ikageng, byvoorbeeld in Soweto.

* Ouerleidingsprogramme moet gereeld deur kundiges aangebied word sodat swart ouers op 'n praktiese wyse bewus gemaak word van hulle taak en verantwoordelikheid as primêre opvoeders. Waar die behoefte bestaan, moet ouers ingelig en gevorm word om take soos gesinsopvoeding toereikend te kan vervul. Ouers moet geleer word hoe om, ten spyte van lang werksure, steeds kwalitatief met hulle kinders te kommunikeer. Effektiewe ouerbetrokkenheid moet in die kursus ingebou word waardeur ouers vrymoedigheid kan ontwikkel om betrokke te raak by die opvoedende onderwys van hulle kinders.

* Bestaande gesinsprogramme kan geëvalueer word, veral wat betref die geskiktheid daarvan vir die hedendaagse verstedelike en half-verwesterde swart gesin.

* Onderwys- en opleidingsgeleenthede vir swart ouers wat om verskeie redes nooit geleentheid gehad het om opleiding te ondergaan nie, moet op groot skaal toepassing kry - veral wat betref geletterdheidsonderwys en beroepsgerigte opleiding. Op hierdie wyse kan ouers beter betrek word om die kind se skoolvordering te ondersteun en leiding te gee in die kind se beroepskeuse.

* Onderzoek behoort ingestel te word na die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in ander gesinstipes, soos die gebroke gesin en die multigenerasie- en uitgebreide gesinstipes.

* Toespitsing op blanke-, kleurling- en Indiërdorpe kan vir

verdere navorsing oorweeg word.

5.4 SLOTSOM

Die slotsom waartoe in dié ondersoek na die toereikendheid van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde swart (kern)gesinne in Ikageng gekom word, is dat gesonde verhoudinge tussen ouer en kind verband hou met vreedsame gemeenskapsverhoudinge. Harmonie tussen ouer en kind word dus gereflekteer in vooruitgang en stabiliteit in die gemeenskap. Waar die opvoedingsverhoudinge tussen ouer en kind in die gesinne wat ondervra is, oor die algemeen die toets van toereikendheid slaag (Bylae A) en die dorp Ikageng terselfdertyd deur vreedsame verhoudinge tussen inwoners onderling gekenmerk word, kan tot die slotsom gekom word dat 'n gesonde gesinslewe die basis vorm vir 'n gesonde gemeenskapslewe.

Deurdat daar egter ook swart gesinne geïdentifiseer is waarvan die gesinsverhoudinge nie as toereikend bestempel kon word nie, het die behoefte aan en noodsaaklikheid van opvoedingshulp aan hierdie mense duidelik na vore getree.

In hierdie navorsing is riglyne en aanbevelings ter bevordering van harmonie in die gesinslewe gemaak in die hoop dat belanghebbendes in die opvoedende onderwyssituasie dit met vrug sal kan aanwend; veral met die oog op vrede en stabiliteit in Suid-Afrika met sy verskeidenheid kulture.